

# Gerry die Vloedgids

Wees liewer bang as jy nie voorbereid is nie, as wat jy bang is vir die vloed want dan kan jy kwesbaar wees.

**Aktiwiteitsboek**

Wes-Kaapse Regering




## Wat is 'n vloed?

'n Vloed gebeur wanneer baie water inbeweeg op grond wat gewoonlik droog is. Oorstromings kan gebeur tydens swaar reën, wanneer riviere oorloop, wanneer die see se golwe bo-oor die strand spoel of wanneer damme breek.

## Soorte oorstromings:

- Rivieroorstromings: gebeur wanneer riviervlakke styg en water die walle oorstroom.
- Kusoorstromings: gebeur wanneer seevlakke styg of branders hoog op die kus spoel en die grond langsaan oorstroom.
- Kitsoorstromings: gebeur skielik en vinnig in plekke waar daar gereeld oorstromings is. Dit gebeur wanneer daar swaar of oormatige reën in 'n kort tyd was. Dit kan binne minute of 'n paar uur van oormatige reën gebeur.
- Stedelike oorstromings: gebeur wanneer 'n dreineringstelsel of stormwaterstelsel te hard werk.

## Voor 'n oorstroming gebeur:

- Luister en kyk uit vir waarskuwings: Luister na die radio of hou sosiale media dop sodat jy sal weet wanneer daar 'n risiko van oorstromings kan wees.
- Wees bewus van waar jy woon. Jou huis kan oorstroom as jy naby 'n rivier of 'n gebied met swak dreinering woon. Maak seker jy skuif al jou belangrike besittings na hoër plekke. Ontkoppel al jou elektriese toestelle.
- Moenie vullis of vreemde voorwerpe in stormwaterdreine gooi nie. Dit sal keer dat die water wegvloei en sal meer oorstromings veroorsaak.

**Omkring die korrekte stappe wat jy moet neem voordat ’n oorstroming gebeur**





Bly by jou gesin.

Bly alleen.

Los jou besittings op die grond.

Skuif waardevolle items na hoër plekke.







Prop toestelle in.

Luister na vloedwaarskuwings op die TV of radio.

Moenie aan elektriese toestelle raak nie.

Moenie aandag gee nie.





Beweeg weg van water.


Moenie beweeg nie.

**Tydens ’n vloed:**

- As jy ooit tydens ’n vloed buite is, moet jy na hoër grond beweeg.
- Draai om, moenie verdrink nie: Moet nooit deur water loop of ry wat vinnig vloei nie - water van 15 cm diep kan jou voete onder jou uitslaan en water van 30 cm diep is genoeg om die meeste motors te laat dryf.
- Bly weg van vloedwater of riviere. Luister na amptenare of volwassenes as hulle jou vra om die gebied te verlaat.



## Vind roetes weg van die vloed af.




## Ná die tyd:

- Moet nooit in vloedwater speel nie. Vermy kontak met vloedwater, want dit kan riool, olie, petrol en ander chemikalieë bevat. Hierdie soort middels kan jou baie siek maak.
- Moenie enige elektriese toestel aanskakel wat nat geword het nie.
- Bly weg van oorstroomde gebiede. As jy daar is, kan jy dit moeilik maak vir reddingswerkers en nooddienste om hulle werk te kan doen.

**Wees liewer bang as jy nie voorbereid is nie, as wat jy bang is vir die vloed.**




## Noodplan vir huishouding:

Stel 'n noodplan vir die huishouding op sodat jy sal weet wat om te doen wanneer daar 'n vloed is. Dit moet die volgende insluit:

1. Belangrike noodnommers om vir hulp te vra en nommers om jou gesin mee te kontak.
2. Maak 'n lys van die dinge in jou huis wat weg van vloedwater af geskuif moet word.
3. Besluit waar om jou gesin te ontmoet. Ontmoet op 'n plek buite jou huis of 'n plek buite jou woonbuurt wat nie oorstroom is nie. Vind alternatiewe roetes weg van paaie wat gewoonlik oorstroom is.
4. Pak 'n gryp-en-gaan sak in met die volgende:
   - Belangrike dokumente soos ID, paspoort, geboortesertifikate, polisse, kliniekkaarte ens.
   - Selfoonlaaier
   - Noodsaaklike medikasie en afskrifte van voorskrifte
   - Noodhulptassie
   - Kredietkaarte en kontant

**Kleur die items in wat in jou gryp-en-gaan sak gepak moet wees.**




## Wees liewer bang as jy nie voorbereid is nie, as wat jy bang is vir die vloed want dan kan jy kwesbaar wees.



## BELANGRIKE NOMMERS

**Kontaknommer:** 112 vanaf  enige selfoon

**Brandweerdiens:** Kontak jou plaaslike munisipaliteit hiervoor

**Ambulans:** 10177

**Dokter:** Raadpleeg 'n huisdokter of die plaaslike kliniek

**Gifinligtingshulplyn:** 0861 555 777

Departement van Plaaslike Regering

Direktoraat: Rampbestuur Risko Vermindering

Hoofdirektoraat: Rampbestuur en Brandreddingsdienste

**E-pos:** Disaster.management@westerncape.gov.za

**Tel:** (021) 937 6300 of 083 577 1100

**www.westerncape.gov.za**

Wes-Kaapse Regering